**22 Mei**

**Skrifgedeelte: Johannes 14:15-26**
**Fokusgedeelte: Johannes 14:21**

## Gehoorsame harte

Die bekende Duitse teoloog Dietrich Bonhoeffer het eenmaal geskryf: Net hy wat glo, is gehoorsaam. En net hy wat gehoorsaam is, glo werklik.

Gehoorsaamheid en geloof is soos twee kante van dieselfde munstuk. Dit help nie dat ons maar net die opdragte van Christus het nie (geloof). Ons moet ook *doen* – dit beteken: gehoorsaam wees aan sy opdragte. Gehoorsaamheid is die bewys van ons liefde vir God. Daarom is dit so ’n wonderlike troos en ’n versekering om te weet dat ons God waarlik liefhet, wanneer ons gehoorsaam is. Dit is presies wat ons teks vir ons sê: “Wie my opdragte uitvoer (gehoorsaam), het my lief.”

Ons gehoorsaamheid is egter nie die oorsaak van God se liefde vir ons nie. Ons gehoorsaamheid is eerder die gevolg van ons liefde vir God. *Omdat* ons God van harte liefhet, *daarom* is ons gehoorsaam. En ons kan net gehoorsaam wees deur die krag van die Heilige Gees. Nie uit eie krag nie. Gehoorsaamheid is dus die teken dat daar ware liefde in ons harte lewe. Maar ongehoorsaamheid is ook ’n teken: van liefdeloosheid. Daarom is ongehoorsaamheid ’n baie gevaarlike saak, en moet ons baie bekommerd wees oor ongehoorsaamheid in ons lewe. Ongehoorsaamheid is ten diepste ’n stille getuienis van ons liefdeloosheid teenoor die Here en sy liefdesgebod.

Onse Here Jesus Christus se liefde vir ons was ’n gehoorsame liefde. Hy was gehoorsaam aan die wil van sy Vader tot in die dood aan die kruis (Fil. 2:8). Die bewys dat Hy ons waarlik liefhet met ’n ewige liefde. En wie hierdie liefde gesien het, verstaan het, ontvang het, kan en wil nie meer ongehoorsaam wees nie. Sy liefde vervul ons met só ’n ontsaglike dankbaarheid en liefde dat dit ons van harte gewillig en bereid maak tot gehoorsaamheid aan die wet van sy liefde.

*Sing: Psalm 103:9 (1936)*

*Ds. MP (Pieter) Harris (Emeritus)*